Sondag 13 Aug 2017
Liefde vir God & Liefde vir mense.

GROEP NOTAS

- Welkom. Wat was positief van die afgelope week? Enige goeie nuus? Waarvoor is jy dankbaar? Het jy 'n getuienis van iets wat God gedoen het?

- Vanaf watter persoon in jou lewe sou jy sê ontvang jy opregte liefde? Hoe beïnvloed dit jou?

Matt 22:37-39
Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. 38 Dit is die grootste en die eerste gebod. 39 En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'

- Kan jy dink aan iemand wat iets met hulle hele hart doen?
- Het jy al iets met jou hele hart aangepak? Vertel ons...
- Wat is vir jou die verskil tussen om iets met jou hele hart aan te pak teenoor om sommer net iets te doen ter wille van 'n taak voltooi?
- Wat dink jy is die beste manier vir kinders om hul liefde vir hul ouers te wys?
- Dink jy dis moeilik of maklik om lief te wees vir God? (Lees Joh 3:16)
- Hoe dink jy kan jy God met jou hele hart liefhê? (Lees Joh 15:10)
- Sal iemand jou kan beskuldig dat jy lief is vir God? Wat sal hulle bewyse wees?

- Vir wie is jy baie lief? Hoekom?
- Vind jy dit moeilik of maklik om lief te wees vir ander mense? Hoekom?
- Het mense jou al seergemaak?
- Het jy al iemand anders seergemaak?
- Hoe kan jy daagliks groei in jou liefde vir mense?
- Wat dink jy is die beste manier om God se liefde vir iemand te wys?

- Bid vir mekaar, vriende, familie en kollegas wat nog nie vir Jesus ken nie.